



Learning Channel (Pty) Ltd
3rd Floor, The Mills
66 Carr Street
Newtown
Johannesburg
(011) 639-0179



Website: www.learn.co.za

Nasionale Seniorsertifikaat

Graad 12

Rekeningkunde

Voorbeeld



INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Alle berekeninge moet getoon word om in aanmerking te kom vir deelpunte.
3. Nie-geprogrammeerde sakrekenaars mag gebruik word.
4. 'n Donker potlood of 'n blou/swart pen mag gebruik word om die vrae te beantwoord.
5. Gebruik die inligting wat in die onderstaande tabel voorsien word as 'n gids om die vrae te beantwoord. Probeer om NIE daarvan af te wyk NIE.

VRAAG 1: 35 punte, 20 minute	
Die onderwerp van die vraag is:	Leeruitkomste gedek:
Bank- en krediteureversoening	LU1 Finansiële rekeningkunde – AS4 Ontleed en vertolk versoenings LU3 Bestuur van hulpbronne – AS6 Toepassing van interne kontrole en auditproses
VRAAG 2: 40 punte, 25 minute	
Die onderwerp van die vraag is:	Leeruitkomste gedek:
Voorraadwaardasie en kontrole	LU1 Finansiële rekeningkunde – AS5 Vertolking van finansiële inligting LU3 Bestuur van hulpbronne – AS4 Voorraadwaardasie – AS6 Toepassing van interne kontrole en die auditproses
VRAAG 3: 70 punte, 40 minute	
Die onderwerp van die vraag is:	Leeruitkomste gedek:
Vervaardigings- en produksiekoste	LU2 Bestuursrekeningkunde – AS2 Voorbereiding, vertolking en verslaggewing van koste-inligting
VRAAG 4: 70 punte, 40 minute	
Die onderwerp van die vraag is:	Leeruitkomste gedek:
Finansiële state en audit van 'n maatskappy	LU1 Finansiële rekeningkunde – AS5 Finansiële state – AS6 Onafhanklike ouditeursverslag LU3 Bestuur van hulpbronne – AS3 Bateverkope – AS5 Professionele instellings
VRAAG 5: 55 punte, 35 minute	
Die onderwerp van die vraag is:	Leeruitkomste gedek:
Vertolking van finansiële inligting	LU1 Finansiële rekeningkunde – AS1 Omskryf begrippe – AS5 Analiseer finansiële state LU3 Bestuur van hulpbronne – AS5 Etiese kode en rol van professionele instellings
VRAAG 6: 30 punte, 20 minute	
Die onderwerp van die vraag is:	Leeruitkomste gedek:
Debiteure-invordering en vertolking van begroting	LU2 Bestuursrekeningkunde – AS3 Ontleding en vertolking van 'n kontantbegroting LU3 Bestuur van hulpbronne – AS6 Toepassing van interne kontrole en die auditproses

VRAAG 1**VERSOENINGS****(35 punte; 20 minute)****1.1 BANKVERSOENING**

Jy word voorsien van inligting uit die bankversoeningstaat van Letaba Trading Post soos op 31 Augustus 2009. Die onderneming se bank is BankServ.

OPDRAG:

- 1.1.1 Waarom is dit belangrik dat 'n onderneming 'n maandelikse bankversoeningstaat moet voorberei? Noem TWEE redes. (2)
- 1.1.2 Een van die tjeks is nie vir betaling by die bank aangebied nie en word nou as 'n geweierde tjek hanteer. Watter tjek is dit? Gee 'n rede vir jou antwoord. Dui die korrekte manier aan om hierdie transaksie reg te stel. (4)
- 1.1.3 Bereken die korrekte saldo van die bankrekening in die grootboek van Letaba Trading Post (neem ook jou antwoord by VRAAG 1.1.2 hierbo in ag). (4)
- 1.1.4 Verduidelik hoe tjek nr. 718 hanteer moet word wanneer die finansiële state voorberei word soos op 31 Augustus 2009. Gee 'n rede hoekom jy dit so sal hanteer. (4)
- 1.1.5 Verduidelik hoekom 'n vooruitgedateerde tjek ontvang deur Letaba Trading Post op 20 Augustus 2009, maar gedateer 20 September 2009, nie in die bankversoeningstaat voorkom nie. (2)
- 1.1.6 Gedurende September het die interne ouditeur opgemerk dat die deposito van R18 650 in Augustus se bankversoeningstaat voorkom, maar in September se bankstaat van BankServ as R8 650 voorkom. BankServ se bedrag is korrek.
 - (a) Hoekom sou die interne ouditeur so ernstig bekommerd wees oor die verskil van R10 000? (2)
 - (b) Wat moet die interne ouditeur daaromtrent doen? Noem TWEE punte. (4)

INLIGTING:

Die volgende items verskyn in die bankversoeningstaat van Letaba Trading Post soos op 31 Augustus 2009. Die rekenmeester is nie seker of daar foute gemaak is nie.

Bankoortrekking soos per bankstaat van BankServ	R32 650
Uitstaande deposito (31 Augustus 2009)	18 650
Uitstaande tjeks:	
Nr. 421 (gedateer 8 Februarie 2009)	3 500
Nr. 718 (gedateer 12 September 2009)	1 250
Nr. 865 (gedateer 24 Augustus 2009)	3 650
Saldo van bankrekening soos in die grootboek van Letaba Trading Post	?

1.2 KREDITEURE VERSOENING

Die krediteurekontrolerekening en krediteurelys van Supa Savings is opgestel deur 'n onervare rekenmeester. Sy identifiseer die volgende bedrae aan die einde van die maand:

Saldo van krediteurekontrole: R62 660

Totaal van krediteurelys: R46 230

OPDRAG:

1.2.1 Hoekom moet hierdie twee bedrae dieselfde wees? (2)

1.2.2 Bereken die gewysigde saldo van die krediteurekontrolerekening en die krediteurelys.

Gebruik die formaat wat voorsien is om jou berekeninge te toon. (11)

INLIGTING:

'n Ondersoek het die volgende aan die lig gebring:

- (a) 'n Optelfout in die krediteurelys het daartoe gelei dat die totaal R480 te min is.
- (b) 'n Krediet aankoop van briefhoofde by EeziPrint vir R2 440 is per abuis uitgelaat uit die boeke.
- (c) Handelsvoorraad teruggestuur na Used Less Bpk., R720, is korrek ingeskryf in die krediteureafslagjoernaal (KAJ), maar is oorgeboek as R270 na die krediteure-rekening van Used Less Bpk.
- (d) Die krediteurekontrole se totaal in die kontantbetalingsjoernaal (KBJ) is R8 200. Die rekenmeester het per ongeluk die bedrag na die krediteurekontrolerekening oorgeboek.

Totaal: 35

VRAAG 2**VOORRAADWAARDASIE EN KONTROLE**

(40 punte; 25 minute)

Jy word voorsien van inligting rakende Big Boys Traders, vir die finansiële jaar geëindig op 28 Februarie 2010. Die eienaar is Dennis Hart. Die onderneming is geleë in Durban.

Dennis koop en verkoop rugbyballe en -truie. Die onderneming maak gebruik van die periodieke voorraadstelsel.

Die rugbyballe word aangekoop van Suid-Afrikaanse vervaardigers en die rugbytruie van verskillende klubs en lande, word ingevoer van oorsee.

Dennis neem verkoopspersone in diens om die kontrole van elke voorraaditem te behartig:

Jacko beheer en verkoop die rugbyballe.

Cato beheer en verkoop die rugbytruie.

Dennis pas die volgende rekeningkundige beleid toe om die waarde van die voorraad te bepaal:

Rugbyballe – Geweegdegemiddelde-metode

Rugbytruie – Eerste-in-eerste-uit-metode (EIEU)

OPDRAG:

2.1 Alhoewel die besigheid goed doen, oorweeg Dennis om dit te verkoop en eerder sy kapitaal te investeer in vaste bates. Noem TWEE aspekte wat hy moet oorweeg voordat hy sy finale besluit neem. (4)

2.2 Dennis vermoed dat 'n aantal rugbyballe weens winkeldiefstal vermis word. Bereken die aantal rugbyballe wat gesteel is. (5)

2.3 Gebruik die relevante inligting en bereken die waarde van die sluitingsvoorraad:
Rugbyballe – (gebruik die geweegdegemiddelde-metode) (6)

Rugbytruie – (gebruik die EIEU-metode) (5)

Toon jou berekenings vir deelpunte.

- 2.4 Bereken die volgende vir die rugbytruie (jy mag 'n handelsrekening voorberei om die bedrae te bereken):

Koste van verkope (4)

Winsopslag % op koste (5)

Omsetsnelheid van voorraad (5)

- 2.5 Indien Dennis wel besluit om met die onderneming aan te gaan, watter raad sal jy hom gee? Maak TWEE aanbevelings. Gebruik enige finansiële aanwysers of spesifieke inligting wat jy uit die vraag kan kry om jou antwoord te staaf. (6)

INLIGTING:

1. Inventarisse:

Die voorraad is soos volg gewaardeer aan die begin en aan die einde van die finansiële jaar:

Datum	Rugbyballe			Rugbytruie		
	Aantal eenhede	Per eenheid	Totale waarde	Aantal eenhede	Per eenheid	Totale waarde
01/03/09	1 200	R120	R144 000	520	R320	R166 400
28/02/10	900	?	?	250	?	?

2. Aankope:

Gedurende die finansiële jaar wat op 28 Februarie 2010 eindig, is die volgende voorraad aangekoop:

Datum van aankope	Rugbyballe			Rugbytruie		
	Aantal eenhede	Per eenheid	Totale waarde	Aantal eenhede	Per eenheid	Totale waarde
31/03/09	1 300	R120	R156 000	400	R200	R80 000
30/06/09	900	R150	R135 000	600	R225	R135 000
30/09/09	1 000	R175	R175 000	1 400	R255	R357 000
02/01/10	200	R180	R36 000	100	R300	R30 000
Totale	3 400		R502 000	2 500		R602 000

3. Vraggeld op aankope:

Die onderneming het gedurende die jaar 'n bedrag van R30 200 betaal om die rugbyballe na die winkel te vervoer. Die prys van die rugbytruie sluit die vraggeld in.

4. Verkope:

Item	Besonderhede	Totaal
Rugbyballe	3 500 eenhede teen R320 elk	R1 120 000
Rugbytruie	2 770 eenhede teen R400 elk	R1 108 000

5. Finansiële aanwysers:

Item	Winsopslag % op kosprys	Voorraadomsetsnelheid
Rugbyballe	48,5%	3,9 keer p.j.
Rugbytruie	?	? keer p.j.

VRAAG 3**VERVAARDIGING****(70 punte; 40 minute)****3.1 BAYETE BAGS**

Jy word voorsien van inligting rakende Bayete Bags vir die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2010. Dit is 'n vervaardigingsonderneming wat behoort aan die Bayete-familie. Hulle vervaardig groot handsakke en verkoop dit teen 'n winsopslag van 40% teen kosprys.

OPDRAG:

Stel die produksiekostestaat, tesame met die aantekeninge (notas), vir die jaar op.

Gebruik onderstaande formaat.

BAYETE BAGS**PRODUKSIEKOSTESTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 28 FEBRUARIE 2010**

	Note	
DIREKTE KOSTE		
Direkttemateriaalkoste	1	
Direktearbeidskoste	2	
FABRIEKSBOKOSTE	3	
Totale vervaardigingskoste		
Plus: Goedere-in-bewerking begin van die jaar		
Min: Goedere-in-bewerking einde van die jaar		
Koste van produksie van klaarprodukte		

(9)

Jou notas moet die volgende opskrifte bevat en moet opgetel en gebalanseer word.

NOTA 1: DIREKTEMATERIAALKOSTE **(9)**

NOTA 2: DIREKTEARBEIDSKOSTE **(7)**

NOTA 3: FABRIEKSBOKOSTE **(13)**

INLIGTING:

Die volgende saldo's verskyn onder andere in die Grootboek op 1 Maart 2009 (die begin van die finansiële jaar):

Fabriekstoerusting – teen kosprys	350 000
Opgehoopte waardevermindering op fabriekstoerusting	120 000
Kantoortoerusting – teen kosprys	90 000
Opgehoopte waardevermindering op kantoortoerusting	14 000
Voorraad van klaarprodukte (600 sakke)	33 000
Goedere-in-bewerking-voorraad	15 280
Direkttemateriaalvoorraad	20 000
Voorraad op hande aan die einde van die jaar	
Voorraad van klaarprodukte (400 sakke)	22 000
Goedere-in-bewerking-voorraad	37 000
Direkttemateriaalvoorraad	40 000
Fabriekverbruiksvoorraad	1 200

Produksie:

Aantal sakke wat gedurende die jaar geproduseer is 20 000 eenhede

Transaksies gedurende die jaar geëindig op 28 Februarie 2010:

1. **Grondstowwe** is ingevoer teen 'n koste van R400 000.
2. Die koste van **vervoer** vanaf die verskaffers was R50 000.
3. **Salarisse en lone betaal:**
Vyf fabriekswerkers teen R5 000 per maand
Een skoonmaker teen R2 000 per maand (hierdie werker werk 50% van sy tyd in die fabriek)
Een kantoorwerker teen R6 000 per maand
4. **Pensioenfonds:** Alle werknemers, behalwe die skoonmaker, dra by tot die pensioenfonds. Aftrekkings van inkomste beloop 7,5%, terwyl die onderneming 10,5% bydra van die maandelikse inkomste tot die pensioenfonds.
5. **WVF:** Die wet maak voorsiening dat 'n 1%-aftrekking toegepas moet word by alle werknemers se inkomste. Die onderneming dra 'n addisionele 1% by.
6. **Verbruiksgoedere** aangekoop gedurende die jaar:
Vir gebruik in die fabriek, R30 000
Vir kantoorgebruik, R15 000
7. **Waardevermindering** op alle toerusting word bereken teen 10% p.j. op kosprys. Neem kennis dat nuwe fabriekstoerusting, teen kosprys van R150 000, gekoop is op 1 September 2009.
8. **Verkoopsuitgawes:**
Advertensies, R10 000
Afleweringsuitgawes, R24 000
9. **Onderhoud:** R65 000 is vir herstelwerk aan fabriekstoerusting betaal. 'n Verdere R1 500 is verskuldig vir herstelwerk gedoen gedurende Februarie 2009, wat nog nie betaal is nie.
10. Die volgende is betaal vir die fabriek en die kantoor. Hierdie betalings moet verdeel word tussen die fabriek en die kantoor in die verhouding 80% tot 20% onderskeidelik.

Huur, R78 000

Versekering, water en elektrisiteit, R75 000

3.2 BRAKRIVIER SKOENFABRIEK

Jy is die bestuursrekenmeester van Brakrivier Skoenfabriek. Jy het die onderstaande inligting versamel. Die onderneming ervaar die afgelope twee jaar konstante verliese. Die eienaars het versoek dat jy hulle moet bystaan om planne te maak om die onderneming weer winsgewend te maak.

NOTAS:

Daar was geen goedere-in-bewerking aan die begin of aan die einde van elke jaar nie.

Alle pare skoene wat vervaardig is, is verkoop.

Die prys van 'n paar skoene van soortgelyke kwaliteit wat deur mededingers vervaardig word, is R790.

OPDRAG:

- 3.2.1 Verduidelik wat beteken die volgende en gee 'n voorbeeld by elk:
 Vaste koste (2)
 Veranderlike koste (2)
- 3.2.2 Bereken die volgende eenheidskoste vir 2010:
 Direktemateriaalkoste per eenheid (2)
 Fabrieksbokoste per eenheid (2)
 Totale veranderlike koste per eenheid (3)
- 3.2.3 Bereken die totale aantal pare stapskoene wat die onderneming moet produseer om gelyk te breek (dit is om nie 'n wins of 'n verlies te maak nie). Gebruik die 2010-syfers in jou berekening. (9)
- 3.2.4 Jy word gevra om 'n verslag saam te stel om die probleem van konstante verlies op te los. Noem die punte wat jy by jou verslag sal insluit onder die volgende opskrifte (haal syfers aan uit die inligting voorsien om jou antwoorde te staaf):
- Die koste wat beter beheer moet word (4)
 Of die prys van die skoene verhoog moet word, al dan nie (4)
 Of die onderneming in staat sal wees om die gelykbreekpunt vir die volgende jaar te bereik, al dan nie (4)

INLIGTING:**BRAKRIVIER SKOENFABRIEK**

	2010		2009	
	Totaal	Per eenheid	Totaal	Per eenheid
	R	R	R	R
Inligting vanaf inkomstestaat:				
Verkope	3 260 000	815	2 124 000	708
Koste van verkope	(2 172 000)	(543)	(1 590 000)	(530)
Bruto wins	1 088 000	272	534 000	178
Administratiewe koste (vaste koste)	(860 000)	(215)	(480 000)	(160)
Verkoop- en verspreidingskoste (veranderlike koste)	(392 000)	(98)	(300 000)	(100)
Netto wins (verlies)	(164 000)	(41)	(246 000)	(82)

	2010		2009	
	Totaal	Per eenheid	Totaal	Per eenheid
	R	R	R	R
Inligting vanaf produksiekostestaat:				
Direkte materiaalkoste	620 000	?	480 000	160
Direkte arbeidskoste	984 000	246	690 000	230
Primêre koste/totale direkte koste	1 604 000	?	1 170 000	390
Fabrieksbokoste	568 000	?	480 000	160
Totale vervaardigingskoste	2 172 000	543	1 650 000	550
Aantal eenhede vervaardig en verkoop	4 000 pare skoene		3 000 pare skoene	

VRAAG 4**FINANSIËLE STATE EN OUDIT****(70 punte; 40 minute)****4.1 LULAMA BEPERK**

Jy word voorsien van die vooraansuiweringsproefbalans vir Lulama Beperk. Die maatskappy koop en verkoop selfone; sowel as die herstel van selfone vir hulle verbruikers, waarvoor hulle 'n fooi hef. Hierdie fooie word gekrediteer na die fooi-inkomste-rekening in die algemene grootboek.

OPDRAG:

- 4.1.1 Verwys na Inligting 2J hieronder. Bereken die wins of verlies gemaak met die verkoop van die rekenaar. Toon al jou berekenings. Jy mag 'n bateverkope-rekening voorberei om die bedrag te identifiseer. (8)
- 4.1.2 Voltooi die Inkomstestaats vir die jaar geëindig 30 Junie 2010. Die notas tot die finansiële staat word NIE verlang NIE. (47)

INLIGTING:**1. LULAMA BPK.****VOORAANSUIWERINGSPROEFBALANS SOOS OP 30 JUNIE 2010**

	DEBIET	KREDIET
Balansstaatrekeninge afdeling	R	R
Gewone aandeelkapitaal		1 300 000
Aandelepremie		170 730
Behoue inkomste (1 Julie 2009)		170 000
Lening van First Bank		90 000
Grond en geboue teen kosprys	1 628 520	
Voertuie teen kosprys	220 000	
Toerusting teen kosprys	190 000	
Opgehoopte waardevermindering op voertuie (1 Julie 2009)		41 000
Opgehoopte waardevermindering op toerusting (1 Julie 2009)	37 000	
Debiteurekontrole	36 600	
Krediteurekontrole		17 960
Handelsvoorraad	479 000	
Bank		13 500
Kleinkas	2 200	
SAID – Inkomstebelasting	83 500	
Voorsiening vir oninbare skulde		1 440

Nominalerekeninge afdeling	R	R
Verkope		3 125 000
Koste van verkope	1 525 600	
Debiteureafslag	6 200	
Salarisse en lone	252 000	
Korting toegestaan	1 100	
Foos-inkomste		121 500
Huurinkomste		72 800
Versekering	9 000	
Diverse uitgawes	35 520	
Direkteursfoos	390 000	
Ouditfoos	45 600	
Verbruiksgoedere	12 500	
Rente-inkomste		1 800
Dividende op gewone aandele	88 000	

2. AANSUIWERINGS:

- A. Vooruitbetaalde uitgawes met betrekking tot diverse uitgawes teen jaareinde, R5 400, was nog nie in berekening gebring nie.
- B. Op 30 Junie 2010 is R648 ontvang van A. Loser. Sy rekening was voorheen as oninbaar afgeskryf. Die bedrag is ingeskryf by die debiteurekontrole kolom in die kontantontvangstejoernaal (KOJ).
- C. Die voorsiening vir oninbare skulde moet aangesuiwer word tot R1 830.
- D. Daar was twee direkteure aan die begin van die rekeningkundige tydperk. Direkteursfooie is vir die eerste helfte van die rekeningkundige tydperk is betaal. Op 1 Januarie 2010 is 'n derde direkteur aangestel. Al drie direkteure verdien dieselfde maandelikse vergoeding. Maak voorsiening vir die uitstaande vergoeding aan die direkteure.
- E. Huur is vir 14 maande ontvang.
- F. Die volgende kredietnota is uitgelaat uit die debiteure-afslagjoernaal (DAJ) vir Junie. Die winsopslag op goedere verkoop was 50% op kosprys.

LULAMA BPK		KREDIETNOTA 136 28 Junie 2010	
<i>Krediteer:</i> Cells4U Bpk Posbus 51565, West Beach, 7441		Eenheidsprys	Totaal
24	Selfone teruggestuur	R400	R9 600
	Vermindering op fooie gehef vir herstel van selfone		R750
	TOTAAL		R10 350

- G. 'n Fisiese voorraadopname op 30 Junie 2010 toon dat die voorraad vir selfone voorhande R492 100 beloop het.
- H. Die leningstaat van First Bank wys die volgende:

Saldo aan begin van finansiële jaar	R 150 000
Terugbetalings gedurende die jaar	R 78 000
Rente gekapitaliseer	R ?
Saldo aan einde van finansiële jaar	R 90 000

- I. Waardevermindering op voertuie word bereken teen 20% p.j. op die verminderdesaldo-metode.
- J. Waardevermindering op toerusting word bereken teen 10% p.j. op kosprys. Neem kennis dat 'n item (toerusting) deur een van die direkteure, Allen Sbu, oorgeneem is op 30 Maart 2010 vir persoonlike gebruik teen R800 kontant. Die spesifieke bladsy van die vastebate-register word hieronder getoon. Geen inskrywings is met betrekking tot die verkoop van hierdie bate gemaak nie.

VASTEBATE-REGISTER		Bladsy 12	
ITEM: VYE-rekenaar		GROOTBOEKREKENING: Toerusting	
DATUM AANGEKOOP: 1 Januarie 2007		KOSPRYS: R22 000	
WAARDEVERMINDERINGSBELEID: 10% p.j. op kosprys			
Datum	Waardevermindering- berekeninge	Huidigewaardevermindering	Opgehoopte waardever- mindering-
2007 30 Junie	$R22\ 000 \times 10\% \times \frac{6}{12}$	R1 100	R1 100
2008 30 Junie	$R22\ 000 \times 10\% \times \frac{12}{12}$	R2 200	R3 300
2009 30 Junie	$R22\ 000 \times 10\% \times \frac{12}{12}$	R2 200	R5 500
2010 31 Maart	?	?	?

K. Inkomstebelasting vir die jaar word bereken op R114 920.

4.2 Jy word voorsien van die volgende uittreksel uit 'n verslag van onafhanklike ouditeure.

UITTREKSEL UIT DIE VERSLAG VAN DIE ONAFHANKLIKE OUDITEURE

Paragraaf 1 Ons het die jaarlikse finansiële state vir die jaar geëindig op 30 Junie 2010 van Lulama Beperk geouditeer soos op bladsye 8 tot 17 uiteengesit. Hierdie finansiële state is die verantwoordelikheid van die maatskappy se direkteure. Ons verantwoordelikheid is om 'n opinie te gee oor die finansiële state wat op ons audit gebaseer is.

Paragraaf 2 'n Oudit behels:

- Ondersoek, op 'n toetsbasis, bewyse wat die bedrae in die finansiële state ondersteun.
- Assessering van die rekeningkundige beginsels gebruik en betekenisvolle ramings gemaak deur die bestuur.
- Evaluering van die algehele voorlegging van die finansiële state.

Paragraaf 3 **Ouditmening**

Na ons mening verstrekk hierdie finansiële state, in alle wesenlike opsigte, 'n redelike weergawe van die finansiële stand van die maatskappy op 30 September 2009 en van die resultate van sy bedrywighede en kontantvloei vir die jaar wat op daardie datum geëindig het, in ooreenstemming met die Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde, en ooreenkomstig die vereistes van die Maatskappyywet, 1973 (Wet 61 van 1973) in Suid-Afrika.

Moore and Simpho, Geoktrooieerde Rekenmeesters (SA) 5 Sept. 2010

OPDRAG:

- 4.2.1 Verduidelik hoekom dit belangrik is dat die onafhanklike ouditeur 'n lid moet wees van 'n professionele liggaam. (2)
- 4.2.2 Verwys na die onderstreepte sin in paragraaf 1. Hoekom sluit die ouditeure hierdie sin by hulle verslag in? Verduidelik kortliks. (2)
- 4.2.3 Verwys na die onderstreepte woorde in paragraaf 2.

- (a) Gee EEN voorbeeld van 'n "bewys" wat 'n ouditeur kan gebruik. (2)
- (b) Gee EEN voorbeeld van die "rekeningkundige beginsels" wat die ouditeur sal assesser as deel van die audit. Verduidelik waarom die ouditeur die beginsel moet ondersoek. (3)
- 4.2.4 Verwys na paragraaf 3. Verduidelik hoekom jy tevrede sal wees met die ouditeure se mening. (2)
- 4.2.5 Verwys na die bateverkope van die rekenaar vir R800 in Inligting 2J van VRAAG 4.1.
- 'n Ander direkteur, Siphon Smith, het sy misnoeë uitgespreek oor die onetiese manier waarop Allen Sbu die rekenaar oorgeneem het vir R800. Allen stem nie saam nie.
- (a) Gee EEN rede om Siphon te ondersteun.
- (b) Gee EEN rede om Allen te ondersteun. (4)
- 70

VRAAG 5

VERTOLKING VAN FINANSIËLE INLIGTING

(55 punte; 35 minute)

Jy word voorsien van inligting rakende Isisi Dolls Beperk.

OPDRAG:

- 5.1 'n Maatskappy se gepubliseerde jaarlikse verslag bestaan uit vyf hoofafdelings. Pas die komponente van die jaarlikse verslag in KOLOM 1 by die omskrywing in KOLOM 2. Die eerste komponent is as voorbeeld gedoen. Skryf slegs die letter (A – E) langs die vraagnommer (1 – 5) neer, byvoorbeeld 6 – C.

KOLOM 1		KOLOM 2	
KOMPONENTE VAN DIE JAARLIKSE VERSLAG		OMSKRYWING	
1	Inkomstestaar	A	Dit is 'n geskrewe mondelinge verduideliking van die bedryf/bestuur van die maatskappy gedurende 'n finansiële jaar
2	Balansstaar	B	Dit reflekteer of die aandeelhouers op die finansiële state kan staatmaak
3	Kontantvloeiestaar	C	Dit reflekteer die wins/verlies van die maatskappy vir die jaar
4	Direkteur se Verslag	D	Dit reflekteer die effek van die bedryfs-, finansiële- en beleggingsaktiwiteite op die kontanthulpbronne
5	Onafhanklike Ouditeur se Verslag	E	Dit reflekteer die netto resultaat van die maatskappy

(4)

- 5.2 Verwys na Inligting 1, 2 en 3 aan die einde van hierdie vraag.

Bereken die volgende finansiële aanwysers vir 2009:

- Vuurproefverhouding (4)
- Omsetnelheid van voorraad (4)
- Skuld/ekwiteitsverhouding (3)
- Netto batewaarde per aandeel (4)
- Verdienste per aandeel (3)

- 5.3 Lewer kommentaar oor die likiditeit van die maatskappy. Haal DRIE relevante finansiële aanwysers (werklike verhoudings of persentasies) aan om jou antwoord te staaf. (8)
- 5.4 Die maatskappy se direkteure voel sterk daaroor dat die aandeelhouers werklik tevrede behoort te wees met die winste, verdienste en dividende van die maatskappy. Haal DRIE relevante finansiële aanwysers aan (werklike verhoudings of persentasies) om hulle mening te ondersteun. (6)
- 5.5 Verwys na die markwaarde per aandeel. Baie mense voel dat die markwaarde per aandeel op die JSB 'n aanduiding is of die direkteure 'n goeie werk doen al dan nie. Verduidelik waarom die markwaarde in hierdie geval so belangrik is. (2)
- As die maatskappy al sy onuitgereikte aandele volgende jaar uitreik, hoeveel meer kapitaal kan die maatskappy verwag? Staaf jou antwoord met 'n berekening. Neem kennis dat die gemagtigde aandeelkapitaal uit 1 000 000 gewone aandele teen R2 pariwaarde, bestaan. (4)
- 5.6 Die direkteure oorweeg dit om addisionele lenings aan te gaan eerder as om meer aandele uit te reik. Haal TWEE relevante finansiële aanwysers (werklike verhoudings of persentasies) aan om hulle siening te ondersteun. (4)
- 5.7 Die ouditeure vereis van die direkteure dat die direkteursfooie apart in die finansiële state aangeteken moet word en nie saam met salarisse en lone nie. Die direkteure wil dit nie verander nie. Wat is jou mening oor die probleem? Verduidelik. (3)
- 5.8 Verwys na die koerantartikel hieronder.

**SEASCAPES BPK – OPSKORTING VAN JSB OOR GEEN JAARLIKSE
VERSLAG**

[Deur Yura Liar, 20 Aug. 2010]

Die verhandeling van aandele van die linne-maatskappy Seascapes Bpk is gister deur die JSB opgeskort nadat die maatskappy nie daarin kon slaag om die jaarlikse verslag drie maande na die einde van hulle finansiële jaar in te dien nie.

Die HUB van Seascapes Bpk het 'n verklaring uitgereik waarin hy beweer dat die ouditeure die verslag teruggehou het. Die ouditeure was nie vir kommentaar beskikbaar nie.

Die maatskappy het intussen hulle algemene jaarvergadering uitgestel. Die aandeelhouers is steeds onseker waarom dit uitgestel is.

Die aandeelprys van Seascapes Bpk het voor die JSB se besluit met 30% geval tot 140 sent per aandeel.

Die direkteure van Isisi Dolls Bpk is bekommerd dat 'n soortgelyke probleem in hulle maatskappy kan ontstaan.

Verduidelik kortliks waarom dit 'n ernstige probleem vir hulle maatskappy kan inhou. Noem TWEE redes. (6)

INLIGTING:

1. Die volgende inligting is 'n uittreksel van die Inkomstestaats vir 2009:

Koste van verkope

R976 000

Rente op lening (rente 13% p.j.)	25 000
Netto wins voor belasting	750 000
Netto wins na belasting	525 000

2. Die volgende finansiële aanwysers is bereken vir die afgelope twee jaar:

1.5	2009	2008
Bedryfsverhouding	4,1:1	2,1:1
Vuurproefverhouding	?	1,3:1
Omsetsnelheid van voorraad	?	8 keer p.j.
Debiteure-invorderingstermyn	30 dae	30 dae
Krediteurebetalingstermyn	90 dae	60 dae
Skuld/ekwiteitsverhouding	?	0,1:1
% opbrengs op gemiddelde aandeelhouersekuiteit (na belasting)	33,3%	25%
% opbrengs op totale kapitaal aangewend (voor belasting)	44,3%	25,8%
Netto batewaarde per aandeel	?	213,6 sent
Markwaarde per aandeel	240 sent	220 sent
Dividende per aandeel	20 sent	10 sent
Verdienste per aandeel	?	55,2 sent

3. **BALANSSTAAT OP 31 DESEMBER 2009**

	2009	2008
BATES		
Niebedryfsbates	1 619 040	1 611 000
Vaste bates (drawaarde)	1 619 040	1 611 000
Bedryfsbates	248 500	157 500
Voorraad	99 500	62 500
Handels- en ander debiteure	100 000	40 000
Kontant en kontantekwivalente	49 000	55 000
TOTALE BATES	1 867 540	1 768 500
EKWITEIT EN LASTE		
Gewone aandeelhouersekuiteit	1 657 040	1 495 000
Gewone aandeelkapitaal (R2,00 pariwaarde)	1 525 000	1 400 000
Aandelepremie	52 000	40 000
Behoue inkomste	80 040	55 000
Niebedryfslaste	150 000	200 000
Verbandlening: Blouberg Bank (13% p.j.)	150 000	200 000
Bedryfslaste	60 500	73 500
Handels- en ander krediteure	60 500	73 500
TOTALE EKWITEIT EN LASTE	1 867 540	1 768 500

VRAAG 6**DEBITEURE-INVORDERINGS EN KONTANTBEGROTING (30 punte; 20 minute)**

Cape of Storms-Besproeing behoort aan Dan Sprayer. Hy verkoop 'n verskeidenheid van besproeiingsonderdele. Die onderstaande inligting is 'n uittreksel van sy boeke.

OPDRAG:

- 6.1 Voltooi die debiteure-invorderingskedule vir Februarie en Maart 2010. Tel die totale op. (13)
- 6.2 Verwys na Inligting 3 hieronder. Vergelyk die begrote syfers met die werklike syfers vir Januarie en lewer kommentaar oor elkeen van die volgende. Noem TWEE aspekte in elke geval.
- Advertensies
- Herstelwerk en onderhoud
- Afleveringsuitgawes (6)
- 6.3 Dan Sprayer is verheug oor die toename in die getal klante. Jy stem nie saam met hom dat hierdie toename van klante 'n positiewe faktor is nie.
- (a) Verduidelik TWEE probleme wat jy kan identifiseer en haal syfers uit die vraag wat jou antwoord staaf. (4)
- (b) Gee vir elke probleem EEN punt van advies. (4)
- 6.4 Met die bestudering van die kontantbegroting by Inligting 3 en die aanvaarding dat alle items in ooreenstemming met die begroting is, sal jy verwag dat die banksaldo aan die einde van Januarie gunstig of ongunstig sal wees? Gee 'n rede vir jou antwoord. (3)

INLIGTING:

1. DEBITEURE-INVORDERING SKEDULE VAN CAPE OF STORMS-BESPROEING VIR DIE TYDPERK GEËINDIG 31 MAART 2010

DEBITEURE-INVORDERINGS				
Maand	Kredietverkope R	Januarie 2010 R	Februarie 2010 R	Maart 2010 R
November 2009	360 000	64 800		
Desember 2009	540 000	270 000		
Januarie 2010	450 000	129 600		
Februarie 2010	420 000			
Maart 2010	420 000			
TOTALE		464 400		

VERWAGTE INVORDERING VAN DEBITEURE:

75% van alle verkope is op krediet.

30% van debiteure betaal hul rekeninge gedurende die maand waarin die transaksie plaasgevind het, onderhewig aan 4%-korting.

50% van debiteure betaal hul rekeninge in die eerste maand na die transaksie plaasgevind het.

18% van debiteure betaal hulle rekeninge gedurende die tweede maand na die transaksie plaasgevind het.

2% word afgeskryf as oninbare skulde na 60 dae.

3. BEGROTING EN WERKLIKE SYFERS:

Einde Januarie word die volgende werklike syfers geïdentifiseer en vergelyk met die begrote syfers:

Van die Geprojekteerde Inkomstestaat:	OKTOBER BEGROOT	OKTOBER WERKLIK
	R	R
Totale verkope	600 000	672 000
Kontantverkope	150 000	70 000
Kredietverkope	450 000	602 000

Van die Kontantbegroting:	OKTOBER BEGROOT	OKTOBER WERKLIK
	R	R
Invorderings van debiteure	464 400	238 588
Aankope van handelsvoorraad	375 000	420 000
Advertering	15 000	25 000
Herstelwerk en onderhoud	16 500	3 800
Afleweringuitgawes	20 000	42 000
Banksaldo aan die einde van maand	120 000	?

30

TOTAAL: 300